# GASBYDRAE

## Die Dokter en Verstedeliking

Stede is amper so oud soos die mensdom. Van die vroegste tye af het die mens sy sosiale lewe in die "polis" (stad) gereël. Daarom is die stad die vader van die "politiek". Nogtans het dit die mensdom tot die jaar 1770 geneem voordat 'n stad (Beijing) 'n miljoen inwoners gehad het. London (1806) was die tweede, maar wel die eerste om in 1870 'n inwonertal van 4 miljoen te bereik. Daarna het New York die kroon gedra: 10 miljoen reeds in 1935!

Gaandeweg het 'n uiters belangrike verskuiwing plaasgevind. In stede daarvan dat die reuse van die Weste (New York, Chicago, Los Angeles, London en Parys) die toon aangee, was dit die Derde Wêreldstede in Asië en Latyns-Amerika wat na vore gekom het: aan die einde van hierdie dekade word verwag dat slegs New York, van die Westerse stede, nog onder die groot tien sal tel. Twee-derdes van die wêreld se stedelike bevolking sal teen die jaar 2000 in stede soos Mexico City (26 miljoen), Sao Paulo (24 miljoen) en Tokyo/ Yokohama (20 miljoen) en die talle kleineres woon. En, instede van die indrukwekkend-beplande en higiëniese stede van die Weste, word hierdie nuwe stede gekenmerk deur plakkergebiede (agterbuurtes, favelas, barrios, slums) waar die meerderheid van die stedelinge onder die slegste denkbare omstandighede 'n bestaan probeer maak.

Waarom kom al hierdie miljoene mense dan na die stede toe? Is hulle nie beter af op die platteland nie? Ongelukkig nie. Dit is juis die platteland wat hulle uitstoot na die groot stede omdat daar vir die toenemende getalle net nie meer 'n heenkome op die platteland te vind is nie.

Al het Suid-Afrika se instromings-beheer hierdie ekonomies noodwendige proses ietwat vertraag, het die snelle verstedelikingsproses van die armes ook hier reeds 'n sterk stroom geword. Groter Durban is reeds vir meer as 50% 'n plakkerstad; Pretoria se armes woon net anderkant die eerste heuwels in die ontsaglike informele nedersettings van Winterveld (Bophuthatswana) en KwaNdebele. Botshabelo naby Bloemfontein, en Khayelitsha op die Kaapse vlakte is die voorlopers van vele stede wat nog kom.

Dit is tragies hoe die rye grafte van klein kindertjies in hierdie saamtrekke aangroei. Hier is 'n groot nood aan die mees basiese geriewe en dienste.

Die algemene praktisyns het reeds grootliks in die stede begin saamdrom, maar bedien die voorstedelike en midde-stedelike mense. Lewer hulle ook diens aan die nuwe stedelinge? Selfs die staat se gesondheidsdiens word toenemend elitisties. Niks minder nie as 'n "bekering" is nodig - 'n totale rigtingverandering - om 'n gepaste gesondheidsdiens aan hierdie behoeftigstes te voorsien. Gaan die dokters hierdie uitdaging aanvaar?

Prof JJ Kritzinger
ISWEN
Univ van Pretoria
Pretoria